

PROF MS MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELLIER

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

DIE 10e ES'KIA MPHACHELE-GEDENKLESING

UNISA SE NOORDOOSSTREEK, POLOKWANE

27 SEPTEMBER 2019

In sy artikel “The humanism of Ezekiel Mphahlele”, wat in 1980 verskyn het, voer Samuel Omo Asein die volgende aan:

There are few African writers who have contributed much to the development of modern African literature and have had little written about them. Of the few, the black South African writer, Ezekiel Mphahlele, stands out rather pathetically as much neglected, generally underestimated and often misjudged.¹

Vervolgens wei Asein uit oor Mphahlele se seminale werke en vertel hy hoe Mphahlele sy lewe aan die ontwikkeling van die Afrikaliteratuur gewy het. Danksy hierdie toewyding geniet Afrikaliteratuur vandag groot aansien.

Phil Ndele het twee jaar gelede op Asein se bewering kommentaar gelewer en die volgende uitdaging gerig. Ek haal hom graag breedvoerig aan:

¹ Asein, SO. 1980. The Humanism of Ezekiel Mphahlele. *The Journal of Commonwealth Literature*, 15(1):38-49.

Asein's concerns cannot be dismissed as obsolete or unwarranted. They are as relevant today as they were when he conceived them. There is still a lot of work to be done by us academics in terms of giving due prominence to Mphahlele's immense literary and scholarly output by way of prescribing it in our literary studies courses at universities. Even the laudable initiative that culminated in the establishment of the Es'kia Institute was his brain child. It would be interesting to know the number of departments of English literature that prescribe and teach Mphahlele's works in South Africa. It would also be interesting to know how many of our Provincial and National Departments of Education have included Mphahlele's works in the curriculum.²

Uit 'n soektog na akademiese werke oor Mphahlele blyk dit dat daar, sedert Asein se artikel, taamlik oor Mphahlele geskryf is. Heelwat meer kan egter gedoen word om 'n groter waardering van Mphahlele se bydrae te kweek. Hierdie leemte in die akademiese studie van sy bydrae kan aan twee faktore toegeskryf word.

² Ndlela, P. 2017. Do not let him die: Celebrating the legacy of Es'kia Mphahlele. *Literator*, 38(1). http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S2219-82372017000100020 (accessed on 25 September 2019).

Eerstens kan dit gewyt word aan die verontagsaming van Afrika-epistemologieë en die literêre werk en bydraes van reuse soos Mphahlele in die algemeen. Daarom dat Ndlela redeneer dat die Afrikaliteratuur en literêre figure selfs aan universiteite verwaarloos word.

Die tweede faktor is die beperkings en slaggate van afbakening volgens dissipline. Die werk van tallose skrywers wat oor die politiek, geskiedenis, sosiologie en politieke ekonomie handel, word geïgnoreer omdat hulle nie by verskyning as sodanig gekategoriseer word nie. Ngugi wa Thiongo, byvoorbeeld, word meestal en soms slegs as 'n literêre figuur beskou, ofskoon talle werke oor die geskiedenis, politiek en politieke ekonomie van in die besonder Kenia ná onafhanklikheid en oor neokolonialisme in Afrika in die algemeen, uit sy pen gevloei het.

Dieselfde geld vir Mphahlele. Hoewel hy een van die voorste teoretici was van wat as Afrikahumanisme bekend staan, is die studie van sy werk, soos dié van Ngugi, beperk tot die letterkunde.

Reeds die afgelope dekade streef ons by UNISA daarna om met die jaarlikse Es'kia Mphahlele Gedenklesings deur hierdie begrensing te breek. Ons probeer aantoon dat, hoewel hy die letterkunde en literêre

studie as medium gebruik het, hy veel meer as bloot 'n literêre figuur was.

In my inleiding tot Dr Khoza se lesing sal ek my toespits op die groter omvang van Mphahlele se denke en sy beskouing van Afrikanisme.

In al sy werke en selfbeskrywings, het Mphahlele dit oor Afrikanisme en die feit dat hy 'n Afrikanis is.³ Hy het aan UNISA begin studeer en later sy doktorsgraad in die VSA verwerf.

Dit is noemenswaardig dat in dieselfde tyd as wat Mphahlele aan Afrikanisme gewerk het, Leopold Senghor oor Negritude, Kenneth Kaunda oor Humanisme, Aimé Césaire oor dekolonisasie en Frantz Fanon oor die uitwerking van kolonialisme op swart mense se gevoel van eiewaarde geskryf het.

Hier in Suid-Afrika het Anton Lembede reeds met radikale Afrikanasionalisme vorendag gekom. Hierdie denkrigting is verder ontwikkel deur Robert Sobukwe wat dit met die stryd van Afrikavolke in verband gebring het, en Pan-Afrikanisme bekend gestel het. Steve Biko het daarop voortgebou met die Swartbewussynsfilosofie.

³ Mphahlele, E. 2002. *Es'kia: Education, African Humanism and Culture, Social Consciousness, Literary Appreciation*. Johannesburg: Kwela Books.

Hierdie radikale en progressiewe denkrigtings het ten eerste gepoog om die omstandighede van die verdruktes te verstaan, en ten tweede om maniere te vind waarop hulle hul kon bevry. Dit is teen hierdie agtergrond, en nie teen dié van die letterkunde nie, dat die gedagtegoed van Mphahlele beoordeel moet word.

Oor die jare heen het sy Afrikahumanisme oorgegaan in wat deesdae veral in die filosofie as *ubuntu/botho* bekendstaan.

Rog Gaylard merk op dat *ubuntu/botho*, oftewel Afrikahumanisme, ofskoon dit vele raakpunte met die Westerse humanisme en universele menslike gedagtes toon, nietemin oor unieke eienskappe beskik.⁴

Ubuntu/botho bepaal wie 'n mens is. Volgens Mogobe Ramose dien dit as ontologiese uitdrukking.⁵ Daarsonder het mens geen respek vir jou medemens, *umuntu/motho*, nie. Met ander woorde: “*ubuntu* then is the wellspring flowing with African ontology and epistemology”.⁶

Waarheen mik ek en hoe hou dit Mphahlele verband?

⁴ Gaylard, R. 2007. “Welcome to the world of our humanity”: (African) humanism, ubuntu and black South African writing. *Journal of Literary Studies*, 20(3-4):265-282.

⁵ Ramose, MB. 2003. The philosophy of ubuntu and ubuntu as a philosophy. In PH Coetzee & APJ Roux. *Philosophy from Africa: A text with readings*. Cape Town: Oxford University Press.

⁶ Ibid, page 230.

Onlangs was daar etlike opspraakwekkende sake van geslagsgeweld in die land. Ek noem dit opspraakwekkend omdat die dood van tallose vroue in townships en landelike gebiede deur die toedoen van hulle eie en ander mans weens hulle nederige stand nie die hoofopskrifte haal nie. Hierdie naamlose vroue maak bloot deel uit van die statistiek oor hierdie skande waarin ons land gedompel is.

Afgesien van die sosiologiese verklarings, wat natuurlik korrek is, moet daar ander verklarings vir die hoë voorkoms van vrouemoord en geslagsgeweld in ons land wees.

Op grond van Frantz Fanon se beskouing dat die verdruktes verontmenslik en tot die “zone of non-beings” verban is,⁷ wil ek beweer dat mans wat hierdie gruwelade pleeg, nie net hulle eie menslikheid (*ubuntu/botho*) nie, maar ook hulle respek vir dié van ander geheel en al verloor het.

Mens kan daarom in Mphahlele se moedertaal vra: “*Botho bo kae?*” (Waar is die menslikheid hierin?). Ons kan hierdie vraag maklik self beantwoord: “*Botho bo tsamaile!*” (Ons het ons menslikheid verloor).

⁷ Fanon, F. 1986. (1952) *Black skin, white masks*. London: Pluto Press.

Dit is deur kritiese selfondersoek, die aanpak van die sosio-ekonomiese oorsake van vrouemoord en geweldsmisdaad, asook deur die instandhouding van ons strafregstelsel dat ons as land oplossings vir ons ernstige samelewingsprobleme moet probeer vind.

Die Humanisme waarvan Mphalele praat – Afrikahumanisme – moet die grondslag vorm van alle pogings om ons samelewingsprobleme op te los. Op hierdie Humanisme, *ubuntu/botho*, berus ons strewe na 'n gedekoloniseerde hoëronderwysstelsel “in diens van die hele mensheid”.

Soos ek reeds by verskeie geleenthede beweer het, is dit ons dure plig om ons universiteite te dekoloniseer. Dit geld nie alleen vir die onderrig wat ons gee nie, maar ook vir die navorsing wat ons doen.

Dekolonisering het betrekking op die kultuur wat aan ons universiteite gekweek word. Dit vereis dat ons klaarspeel met die geweldskultuur wat kolonialisme kenmerk, die kultuur wat ander groepe “veranderlik”. Volgens hierdie kultuur word ander nie alleen as “anders” nie maar ook as minderwaardig beskou, en daarom verdien hulle om mishandel en op verskeie maniere verneder te word.

Daarom moet ons, geagte Programleier, die instrumente wat reuse soos Mphahlele aan ons nagelaat het, naamlik Afrikahumanisme of

ubuntu/botho, aanwend om ons samelewingsprobleme te takel en ons universiteite – en ek verstout my om te sê ons ganse samelewing – te dekoloniseer.

Dit bring my ten slotte by transformasie, wat die tema van dr Khoza se lesing sal wees. In sy lesing sal dr Khoza die soort leierskap verken wat die transformasie-era van ons verg.

Ons oogmerk is om ons universiteit, en daarby inbegrepe ons samelewing, deur ons Raadsbesluite en die verskeie instrumente wat ons ontwikkel het, opnuut menslik te maak.

Deur hierdie benadering en Mphahlele se voorbeeld te volg, dink ek, sal ons tot verantwoordelike, aanspreeklike en etiese leierskap in staat wees.

Namens die Raad, bestuur en studente van die Universiteit van Suid-Afrika, verwelkom ek u hartlik by die tiende Es'kia Mphahlele-gedenklesing.

Baie dankie!